
# Die Kruin-o-gram

16 Mei 2021 - Uitgawe 03

## Die verlore mens | Romeine 7:7-25



Die *brief aan die Romeine* of *Romeine* is seker een van die bekendste boeke in die Nuwe Testament. Dit word dikwels gesien as 'n samevatting van die basiese kenmerke van 'n Christelike gelowige. Romeine se invloed is so groot dat mense soos Augustinus (354-430 AD) sy boek *De civitate Dei contra paganos* (Die stad van God) daarop baseer. Die rol van Romeine in die gedagtes van Martin Luther is ook duidelik sigbaar, omdat Martin Luther die vyf solas (*sola scriptura*, *sola fide*, *sola gratia*, *solo Christo* en *soli Deo gloria*) in Romeine vind. Romeine is dus een van die hoekstene in die Christelike godsdiens.

Wat interessant is van Romeine, is, dat ons kennis rakende die herkoms van die boek in misterie gehul is. Ons weet dat Paulus die skrywer van die boek is en dat dit gerig word aan die gemeente in Rome. Meer as dit is net spekulasie. Ons weet nie wie die stigter van die kerk in Rome was nie en ons verstaan ook nie hoekom Paulus hierdie sterk begeerte het om aan hulle te skryf nie. Daar was ook altyd gedink dat Romeine 'n samevatting van Paulus se teologie is. Dit is waarskynlik waar, maar die boek se inhoud is baie meer persoonlik en gefokus op Paulus se lewe as wat teoloë wil erken. Paulus deel, met ander woorde, sy persoonlike worsteling as 'n Fariseër wat 'n gelowige geword het. Hy raak dan temas aan soos die rol van die wet, die rol van genade, God se glorie en God se geskenk aan die mensdom, deur middel van Jesus Christus. Die vermoede is dat Romeine tussen 55-64 AD geskryf is, tydens Paulus se sendingreise in Klein-Asië. Dit maak Romeine ook die laaste brief wat Paulus geskryf het.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
    a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
    b. Wat is jou doelwitte vir die kwartaal?

2. Na God
    a. Lees Romeine 7:7-25
    b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
    c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
    d. Wat sê hierdie gedeelte oor die wet?
    e. Wat sê hierdie gedeelte oor sonde?

3. Na mense
    a. Wat kan ons doen om minder bewus te wees van sonde en meer bewus te wees van God?




# God se Tien Gebooie

## Eksodus 19 en 20

God het die Israeliete na 'n berg toe gelei. Donderweer het gerammel en weerlig het geblits. Die mense het 'n trompet hoor blaas.

Toe sê die Here Moses moet teen die berg opgaan. God sê toe: "Ek is die Here jou God. Ek het jou uit Egipte bevry." God het die Tien Gebooie op twee klippe geskryf. Sy mense moes die *gebooie* gehoorsaam.

1. God is die enigste ware God.
2. Moenie afgode maak nie.
3. Moenie die Here se naam misbruik nie.
4. Rus op die sabbatdag. Hou dit heilig.
5. Eer jou pa en jou ma.
6. Moenie moord pleeg nie.
7. Mans en vrouens mag nie egbreuk pleeg nie.
8. Moenie steel nie.
9. Moenie jok nie.
10. Moet nooit iemand se besittings begeer nie.




Die Israeliete het 'n plek nodig gehad om God te aanbid. God het vir hulle presies gewys hoe om 'n spesiale tent te maak. Dit is 'n *tabernakel* genoem. God het 'n wolk bokant die tent laat hang. Wanneer die wolk beweeg het, het die Israeliete die wolk gevolg.

(Uit: Bybelstories vir beginners)

# Verjaarsdae

## Sondag 16 Mei
- Anina Borcherds
- Annerie Dodds
- Jan Ras

## Maandag 17 Mei
- Alco Jamneck
- Axel Konigk

## Dinsdag 18 Mei
- Nelmari Fourie
- Danill Lamprecht
- Monique van Staden

## Woensdag 19 Mei
- Simone Bester
- Vonrie Jacobs
- Andries Lottering

## Donderdag 20 Mei
- Hanru Kruger

## Vrydag 21 Mei
- Suzette Kruger
- Johny Redelinghuys

## Saterdag 22 Mei
- Reuben Bezuidenhout

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

# Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)
Allison Lobo Das Neves

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging).
Klein Janro de Jager – Ben van Jaarsveld (Anine se pa)
Alex Smit - Logan Campher – Anelda Du Toit – Jayden Du Toit
Charmaine Whittaker - Klein Nathan Janse van Nieuwenhuizen

**AFSTERWE**
Jimmy Suzette Moodie se seun, Quintin
Marietjie Nel se broer

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus
Tia en Japie de Jager
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
Indië wat gebuk gaan onder Covid-19

# Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™